Byvoegmiddel

Wenk van die Maand

April 2019

BYVOEGMIDDELS – 'N NOODSAAKLIKHEID EN NIE NET 'N VERSEKERINGSPOLIS NIE

Daar word dikwels aangeneem dat byvoegmiddels net 'n versekeringspolis is om optimale gewas beskerming produk (GBP) effektiwiteit te verseker. Deur dit te aanvaar, word dit dalk geïmpliseer dat dit 'n opsionele ekstra is. Dit kan die persepsie skep dat byvoegmiddels 'n luuksheid is en weggelaat kan word as produsente geld wil spaar.

Villa se standpunt is dat alhoewel byvoegmiddels wel as 'n versekering polis beskou kan word, dit ook 'n integrale deel van spuitmengsels is. Indien die aanbevole of korrekte byvoegmiddel nie gebruik word nie, sal dit waarskynlik onaanvaarbare beheer of selfs ongewensde probleme soos fisiese onmengbaarheid veroorsaak.

Hoekom is byvoegmiddels 'n noodsaaklikheid?

Alle GBP het tekortkominge soos gevoeligheid vir soutantagonisme van die spuitwater, alkaliese hidroliese, swak bedekking, beperkte verspreiding, stadige opname, swak werking onder lae humiditeit toestande ens. Dit is dikwels onmoontlik om hierdie tekortkominge met byvoegmiddels in die GBP formulasie reg te stel omdat daar 'n beperkte spasie is. Daarom word tenkmengsel byvoegmiddels dikwels aanbeveel om hierdie tekortkominge van die GBP aan te spreek om sodoende die effektiwiteit te verhoog.

Indien die korrekte byvoegmiddel nie in die spuitmengsel gebruik word nie, sal die tekortkominge nie aangespreek word nie, en die beheer sal swak wees. Byvoegmiddels is koste-besparende produkte omdat dit die beheer verhoog en die kans op 'n hêr-toediening verminder. Byvoegmiddels is daarom nie 'n luuksheid nie en dit moet as 'n belangrike deel van die spuitmengsel beskou word.

Dit gaan alles oor die getalle

Enige van die GBP tekortkominge wat aangespreek word, sal verseker dat meer van die aktiewe bestandeel die plek van werking bereik, om meer effektiewe beheer te bewerkstellig. Indien die tekortkominge nie aangespreek word nie, sal dit soortgelyk aan 'n verlaagde dosis van die GBP wees. Dit gaan alles daaroor om genoeg aktiewe bestandeel op en in die plant te kry om effektiewe beheer te verseker.

Onthou dat elke bietjie effektiwiteit tel. Indien die GBP twee tekortkominge het wat elk die effektiwiteit met net 5% verlaag, sal daar 'n 10% verlaging in beheer wees indien 'n byvoegmiddel nie gebruik word nie. Dit is dalk net genoeg om onaanvaarbare beheer te kry en dit sal tot 'n hêr-toediening lei!

Villa se mening

Dit is belangrik om die tekortkominge van die GBP reg te stel om dit die beste kans op sukses te gee. Indien die GBP met 'n byvoegmiddel geregistreer is, is dit belangrik om dit daarmee toe te dien. Maak asseblief seker dat kwaliteit byvoegmiddels gebruik word omdat dit 'n integrale deel van die spuitoplossing is en nie net as 'n versekering polis beskou moet word nie.

Moet nooit die aanbevole byvoegmiddel met 'n ander produk vervang nie, omdat die chemiese en fisiese eienskappe mag verskil, wat tot oneffektiwiteit of tot ander probleme soos fisiese onmengbaarheid of gewasskade kan lei.

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by 082 880 0974 of bdevilliers@villacrop.co.za

villa